



Jou gids tot Hoërskool Ben Viljoen

Graad 8 Uiltjie

2026



LIEWE BEN VILJOEN OUER

Baie welkom by die Ben Viljoen-familie. Mag die pad wat u saam met u kind in 2026 begin stap vir u en u gesin vol vreugde wees.

By ons vorm die leerders, die personeel en die ouers die unieke hartklop van die skool. Akademie vorm die hoeksteen van ons skool en elke leerder se belangstellings en behoeftes is vir ons belangrik.

Dit is ook belangrik dat elke graad 8-leerder tuis sal voel en sommer vinnig kan inskakel by die Ben Viljoen-ritme.

Dit is belangrik dat u kind by die skool se aktiwiteite inskakel - al is dit as ondersteuner - sodat hulle mekaar en die skool beter kan leer ken. By Ben Viljoen verseker ons geleenthede, deelname en pret. Hier leer ons kinders om te groei, uit te leier en sukses met nederigheid te vier.

Ons glo dat die graad 8's van 2026 dié jaar met toekomsvisie sal ingaan, hier sal groei en ontwikkel en om in 2030 hulle skoolloopbaan op 'n hoogtepunt te kan afsluit.

Alhoewel hoërskool impliseer dat kinders 'n stappie nader aan volwassenskap is, vorm ouers 'n integrale deel van alles wat die skool aanpak. Ons bedank u sommer byvoorbeeld vir u positiewe betrokkenheid en gesindheid teenoor die skool. Laat u kind toenemend verantwoordelikheid neem, maar bly betrokke en weet dat ons as opvoeders saamwerk om u kind na volwassenskap te lei.

Lees hierdie inligtingsboekie noukeurig saam met u kind deur om u te vergewis van alles wat gedurende die eerste kwartaal by die skool sal gebeur. Neem kennis dat graad 8-uitdijes alle tuisbyeenkomste deur die jaar moet bywoon.

Ons vertrou dat u en u kind se verbintenis met Hoërskool Ben Viljoen vol opwindende avontuur, nuwe vriende en interessante uitdagings sal wees. Mag hulle grense verskuif en nuwe wêreld ontdek binne die geborge raamwerk van integriteit, lojaliteit, respek, verantwoordelikheid en omgee.



ONS SKOOLLIED

Die stroompie uit 'n verre tyd
het berg en hoogland oopgesplyt
en breed blink nou 'n wye stroom
deur bosse waar die stiltes droom.

Die droom het hier 'n daad geword
wat sterk oor wal en sluise stort
die water sing wat nou hier vloei
laat landery' en boorde bloei

Ons wat die groter toekoms erf
ploeg dieper los bind groot die gerf
ontbos die berg en grawe wyd
kanale van die nuwe tyd

We are the future of our school
We plough, we sow, provide the fuel
for strength, success and honest trust
together, a future true and just

Kom maat en vriend kom vat my hand
ons dien een volk een vaderland
en is ons werk ons eer
wen ons die oes wat ons begeer.

LIEWE UILTJIE VAN 2026

BAIE GELUK MET JOU BESLUIT OM BY DIE BEN VILJOEN-FAMILIE AAN TE SLUIT. JY GAAN NIE SPYT WEES OOR JOU KEUSE NIE...
ONS IS 'N WENSPAN IN GROEN EN GOUD!



Die graad 8-leerders van 2026 sal bekend staan as Uiltjies. **Uiltjies sal reeds vanaf die eerste skooldag van 2026 om die beurt hulle formele skooldrag met addisionele items dra.** Hierdie addisionele items sal aan hulle gekommunikeer word. Die VERPLIGTE verwelkomingspakket beloop R380 en sluit alle graad 8 fooie in.

Kleredrag:

Maandae, Woensdae, Donderdae: Formele Skooldrag

Dinsdae en Vrydae: Ben Viljoen Sportklere (Ben Viljoen Sporthempie met swart kortbroek, wit Uiltjiekouse en tekkies)

Graad 8-kamp:

Die Uiltjies se Graad 8-kamp sal plaasvind na die interhuis swemgala op 16 Januarie en duur tot Saterdag, 17 Januarie om 07:00. Elke graad 8 ontvang ook 'n aansteekwapen wat asseblief elke dag skool toe gedra moet word. Indien die aansteekwapen verloor moet die leerder dit teen eie koste vervang.

Graad 8-konsert:

Daar sal ook 'n Graad 8-konsert wees waaraan ons die eerste paar weke hard sal oefen en dit dan sal opvoer vir die skool en die publiek. Alle Uiltjies is verplig om aan hierdie konsert, wat op, onderskeidelik, 16 Februarie en 18 Februarie plaasvind, deel te neem.

Graad 8-Klokluiseremonie:

Die Graad 8-kloklui- en baadjieseremonie vind na afloop van die Graad 8-konsert op 18 Februarie plaas. Skoolbaadjies (Blazers) is verpligtend vir alle Graad 8-leerders.

WAT KAN JY VERWAG?

- 'n Splinternuwe manier van dink en doen!
- Verbreed jou horison en groei saam.
- Nuwe vriende! Al die graad 8's is ewe vreemd.
Maak jy die eerste skuif en stel jouself voor - jy is dalk net die vriend waarvoor iemand anders gewens het!
- 'n Toekomsvisie. Ons sien hoe jy die toekoms van die land en die wêreld gaan beïnvloed en verander!
- SUKSES! Hier is deelneem lekker en sukses deel daarvan!
- Wees hier, wees betrokke, wees deel van een skool – een hartklop!
- Die beginpunt van die nuwe, beter, slimmer JY!

AS GRAAD 8-LEERDER MOET JY:

- Onderwysers, UR-lede en senior leerlinge respekteer
- Die skool se etos onderskryf en respekteer
- Die skool in sy totaliteit leer ken en ten alle tye saamwerk as een span
- Die personeel en UR-lede se name leer ken
- Deelneem aan die graad 8-konsert, atletiek en graad 8-kamp
- Altyd help met byeenkomste en funksies saam met die UR-lede
- NOOIT 'n verleentheid vir die skool wees nie
- Wanneer jy ondersteun tydens sportbyeenkomste word dit in skooldrag gedoen
- Inskakel by die skool se roetine
- Netheid en skooldragreëls geld in die openbaar
- Nie raserig/lawaaiig wees nie, maar jou plek ken in die skool se hiërargie
- Alle tuisbyeenkomste bywoon, asook deelvorm van die Interhoërsangspan - dit is verpligtend
- Elke dag jou Graad 8-kenteken dra



ONS WAARDES

RESPEK - LOJALITEIT - INTEGRITEIT - OMGEE - VERANTWOORDELIKHEID

WAARDESISTEEM:

- Christelike en professionele onderwys
- Bevordering van akademiese prestasie en die skep van 'n leerkultuur
- Handhawing van dissipline
- Effektiewe bestuur en leierskap
- Bevordering van tradisies en kultuur
- Kweek van lojaliteit en respek teenoor die skool en medemense
- Gelykwaardige en menswaardige behandeling
- Aanwakker en bevordering van kreatiwiteit
- Die kweek van gesonde kompetisiegees
- Ontwikkeling van die totale leerling tot sy/haar maksimale potensiaal

ONS VISIE

Dallers leef die skool se waardes in alles wat hulle aanpak uit. Hulle streef daarna om hulle talente te ontwikkel sodat hulle hulle regmatige plek in die samelewing kan inneem en 'n verskil in die wêreld kan maak.

Hoërskool Ben Viljoen is 'n parallelmedium opvoedkundige inrigting wat Christelike norme en hoë standarde handhaaf. Onderrig vind plaas in Afrikaans en in Engels.

WAARDESISTEEM:

Die missie van Hoërskool Ben Viljoen is om volgens 'n bepaalde waardesisteem die kind in sy totaliteit met behulp van opvoedende Christelike onderrig tot 'n gebalanseerde verantwoordelike individu maksimaal te ontwikkel.



Met my Daller-bril op my neus, sien ek die helder visie van my skool: om Christelike waardes te handhaaf, om lojale burgers van ons land te wees, om ons taal met trots en waardigheid te gebruik, om uitnemendheid te bevorder en om op die tradisies van die skool voort te bou. Die Daller-bril help my om te fokus en op koers te bly.

Daar is 'n rede waarom jy die Daller-bril reeds van graad 8 af moet dra. Dit is 'n mite dat jou oë sal verswak of lui word. Bril dra raak gemakliker hoe langer jy dit dra en kort voor lank raak jy die duidelike visie gewoond en verkies jy om jou Daller-bril permanent deur jou skoolloopbaan te dra.

Met my Daller-bril op my neus - mis ek niks! Katastrofes word vermy voordat dit kan plaasvind. Die Daller-bril sorg dat ons ons visie altyd in gedagte hou. Ek sien elke dag helder, die visie van my skool wat uitgeleef word. Hier streef ons na uitnemendheid!

GRAAD 8 INLIGTING

ALGEMENE SKOOLORGANISASIE

- Skool begin stiptelik om **06:55**
- Skool sluit Maandae-Donderdae om **13:30** en Vrydae om **13:00**
- Leerlinge tree elke oggend op die vierkant aan in hulle registerklasrye
- Saalopening vind op Maandae plaas
- Leerders het 3 minute om te wissel tussen periodes
- Leerders word nie gedurende pouse toegelaat op die stoepe, sportgronde of op die koshuisterrein nie



WIE IS MY VOOG ONDERWYSER?

Graadvoog: Me Elma de Beer

Graad 8A: Me Anneléne Smit

Graad 8B: Me Daniel Schoeman

Graad 8C: Me Sanel Giesel

Graad 8D: Mnr Henry Ekman

Graad 8E: Me Carmien van Loggerenberg

INDELING VAN KLEURSPANNE

Kleurspanne word ingedeel volgens graadgroepe.

Vir 2025 is die Graad 8-groep se kleredrag Ben Viljoen sportdrag tydens die onderskeie interhuisbyeenkomste.

BASIESE SKRYFBEHOEFTE

Ons beveel aan dat u wag tot die kwartaal 'n aanvang geneem het voordat u hierdie addisionele items aankoop. Skrifte word deur die skool voorsien. Daar mag addisionele skrifte benodig word wat deur u aangekoop moet word soos versoek per vak deur die onderwyser.

- Passerstel vir Wiskunde
- Casio FX 82ZA Plus Wetenskaplike Sakrekenaar
- 10/20/30 bladsy A4 "flip files" soos benodig (ongeveer 4-8)
- Dun plastiek tweegat voulêers soos benodig
- Glimpenne (Highlighters)

FOTO'S EN INLIGTING VAN LEERDERS SE PRESTASIES

Ons gee graag erkenning aan ons leerders wat presteer, binne- en veral buite skoolverband.

Ons vra dat ons ouers asseblief vir ons volledige inligting en foto's van goeie kwaliteit direk na bvbemarking@benviljoen.co.za stuur vir plasing op ons sosiale media.

WAT BIED ONS JOU?

OP ONS TERREIN

- Ben's Kafeteria
- Loskop Gimnasium
- Sentrum vir Berading en Remediëring
- Swemklub

BUSROETES

Ons beskik tans oor twee busroetes wat op Vrydae-middae na skool vertrek om leerders af te laai en dan weer op Sondag-middae die kinders oplaai. Daar is addisionele kostes betrokke

Hierdie roete is:

Bus 1:

Grobbersdal - Marble Hall - Roedtan - Potgietersrus - Naboomspruit

Bus 2:

Grobbersdal - Stoffberg

KOSHUISE

Die koshuise van Hoërskool Ben Viljoen is bekend vir die huislike atmosfeer en individuele aandag aan elke kind.

Die seuns- en dogterskoshuis kan elk 'n totaal van 75 leerders akkommodeer en bedien drie (3) maaltye per dag. Ons akkommodeer een leerder per kamer, behalwe vir graad 8-leerders wat soms met 'n ander graad 8-kamermaat moet deel.

Die koshuis is oop vanaf Maandae om 06:15 tot Vrydae om 13:00.

DAGKOSHUIS

Die koshuis funksioneer ook as 'n dagkoshuis (Maandae-Donderdae).

Dagleerders wat van hierdie opsie gebruik maak word voorsien van 'n middagete en 'n lokaal waar huiswerk onder toesig gedoen word. Die bedrag vir hierdie opsie beloop R1000 per maand hetsy die leerder al die dae van die week van die opsie gebruik maak al dan nie.

Die bedrag is eenmalig vooruitbetaalbaar teen die 1ste van elke maand. Bewys van betaling moet gelewer word en by betaling ontvang die leerling 'n dagkoshuis-toelatingskaartjie.

Geen oornagteriewe vir dagleerders nie. Aansoekvorms vir dagkoshuis is by die kantoor verkrygbaar.



VAKINLIGTING

ONS AKADEMIE IS TOPS!

GRAAD 8 & 9

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Natuurwetenskap
- Ekonomiese Bestuurswetenskappe
- Sosiale Wetenskap
- Tegnologie
- Lewensoriëntering
- Kuns & Kultuur



HOE GOED IS ONS AKADEMIE?

- Sedert 2004 behaal ons 'n gemiddelde 99.8% slaagsyfer
- Twee-derdes van die matriekleerling neem Wiskunde as 'n vak - van die hoogste persentasies in Limpopo
- Wiskunde- en Wetenskap-afdelings is van die beste in Limpopo gebaseer op matriekuitslae
- Voltydse, toegewyde Wiskunde onderwysers vir graad 8 en 9 leerlinge wat sukkel met Wiskunde.
- Volwaardige, geregistreerde Tegnieiese skool met Meganiese- en Elektriese Tegnologie as vakke
- Hoërskool Ben Viljoen is een van min openbare Hoërskole in Limpopo met Drama en Visuele Kuns as vakke

GRAAD 10 - 12

Verpligtend:

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde/ Wiskunde Geletterdheid/ Tegnieiese Wiskunde
- Lewensoriëntering

Keusevakke:

- Lewenswetenskap
- Tegnieiese Wetenskap
- Fisiese Wetenskap
- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Rekenaartoepassingstegnologie
- Inligtingstegnologie
- Toerisme
- Verbruikerstudies
- Ingenieurs Grafika en Ontwerp
- Visuele Kuns
- Dramatiese Kuns
- Meganiese Tegnologie
- Landbouwetenskap
- Elektriese Tegnologie
- Geografie

VAKINLIGTING

ONS AKADEMIE IS TOPS!

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN WISKUNDE, WISKUNDE GELETTERDHEID EN TEGNIESE WISKUNDE?

Wiskunde is 'n vereiste vak vir menige tersiêre studierigtings. Ouers en leerders moet wel besef dat nie almal wiskundig aangelê is nie, en dat daar vele beroepsmoontlikhede is vir leerders wat Tegniese Wiskunde of Wiskunde Geletterdheid as vak neem.

Verder is dit ook 'n feit dat leerders wat met Wiskunde sukkel en net-net aan die toelatingsvereistes voldoen, ook later op tersiêre vlak met wiskundige vakke sukkel. Leerders kan slegs Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskap vat indien hulle die Tegniese rigting volg.

'n Slaagpunt in Wiskunde Geletterdheid of Tegniese Wiskunde is vir 'n leerder beter as 'n driuppunt in Wiskunde wanneer keuring by universiteite gedoen word.

Leerders wat Wiskunde Geletterdheid of Tegniese Wiskunde neem, is net so suksesvol in hulle latere beroepe as hul kollegas wat Wiskunde as vak geneem het.



WISKUNDE

Wiskunde is 'n analitiese wetenskap wat gebruik word om risiko's of probleme met geformuleerde formules op te los of aan te spreek.

Syllabusinhoud:

Graad 8 en Graad 9:
Basiese reëls word aangeleer.
Graad 10:
Alle afdelings is nuut vir die leerders, onder andere trigonometrie, funksies (grafieke), analitiese meetkunde, euklidiese meetkunde, waarskynlikheid. Toepassing van kennis is dan baie belangrik.
Graad 11:
Al die bogenoemde afdelings word voortgesit. Dit is moeiliker en word in Graad 12 afgehandel.
Graad 12:
Nuwe en moeiliker afdelings word gedoen, onder andere: rye en reekse en calculus ens.

WISKUNDE GELETTERDHEID

Wiskunde Geletterdheid laat hom toe om op 'n praktiese en toegepaste benadering alledaagse probleme of uitdagings aan te spreek of op te los. Leerders word toegerus met kennis en ervaring - ongeag of die probleem te doen het met lewens- of werkverwante probleme - te kan hanteer. Die vermoë om probleme te identifiseer, reg te interpreteer en beskouings sinvol te verstaan, word aangeleer om suksesvolle vertolking te kan bewerkstellig.

Syllabusinhoud:

- Toetse, eksamens en take word gebruik om vaardighede te toets om lewenservaring te ontwikkel.
- Praktiesgerigte opdragte en take oor werk- en lewensituasies soos belasting, elektrisiteitsrekeninge, finansiële dokumente, omtrek en oppervlakte wat nodig is om verbeterings aan huise te bring, herleiding van meeteenhede ens.

TEGNIESE WISKUNDE

Tegniese Wiskunde gaan oor die wiskundekonsepte wat gebruik word in die tegniese wêreld. Dit werk nou saam met nasionale kollegevereistes en werk tot ekwivalent met N1-, N2- en N3- wiskunde by kolleges.

Syllabusinhoud

Tegniese wiskunde bevat meeste komponente en assessering soos gewone wiskunde, maar behandel nie statistiek en datahantering nie. Hierdie konsepte word vervang met radiale en hoekbewegings.

Vraestelle bestaan uit twee toetse/ eksamens:

Vraestel 1: Algebra, grafieke en finansies
Vraestel 2: Analitiese meetkunde, trigonometrie, euklidiese meetkunde, radiale en hoekbewegings.

VAKINLIGTING

ONS AKADEMIE IS TOPS!

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN FISIESE WETENSKAP EN TEGNIESE WETENSKAP?

Fisiese Wetenskap bestaan uit twee hoof afdelings nl. chemie en fisika. Albei afdelings word van graad 10-12 bestudeer.

Chemie: is die wetenskap van materie en die interaksie daarvan met energie.

Fisika: word ook “fundamentele wetenskap” genoem aangesien elkeen van die ander natuurwetenskappe te doen het met sekere soort materiële stelsels wat die wette van fisika gehoorsaam. Fisiese Wetenskappe as vak bevoordeel leerders op verskeie vlakke. Dit help met die APS- toelatingstelling, dit maak jou meer aantreklik vir werwers van universiteite asook vir jou toekomstige werkgewers.

Die hoofdoel van **Tegniese Wetenskappe** is om leerders te ondersteun in die drie fokusareas van tegnologie, naamlik: meganiese tegnologie, elektriese tegnologie en siviele tegnologie. Tegniese wetenskappe berei leerders voor vir toekomstige leer, gespesialiseerde leer, die beroepslewe, burgerskap, holistiese ontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling. Leerders wat tegniese wetenskappe as vak kies in graad 10-12 kan verbeterde toegang hê tot toegepaste tegnologiekursusse by VOO/FET kolleges, beroepsgerigte loopbaanrigtings en entrepreneursgeleenthede. Tegniese wetenskappe bevorder ook vaardigheidsontwikkeling in die tegnologieveld en sal gevolglik bydra tot die land se ekonomiese groei en die sosiale welstand van meer mense in ons land.

FISIESE WETENSKAP

Sillabusinhoud:

- Die vak bevat die volgende onderwerpe:
- Meganika
- Golwe, klank en lig
- Elektrisiteit en Magnetisme
- Materie en materiale
- Chemiese verandering
- Chemiese stelsels

TEGNIESE WETENSKAP

Sillabusinhoud:

- Meganika
- Materie en materiale
- Elektrisiteit en magnetisme
- Golwe, klank en lig
- Warmte en termodinamika
- Chemiese veranderinge

KONSESSIES

Konsessie beloop R500 per jaar. Spesiale aansoek moet by die skoolkantoor gedoen word vir leerders wat konsessie benodig. Hierdie konsessies sluit slegs VSOFT in, geen scribe is hierby ingesluit nie. Dit is die ouers se eie verantwoordelikheid om 'n opgeleide scribe te kry en te betaal per sessie. Die scribe mag geen direkte familie wees nie - al die NSS-eksamenreëls geld.

Geen leerder word aanvaar sonder 'n bewys van betaling, teen die aanvang van Kwartaal 1 se toetsreeks, nie.



ONTMOET ONS UITVOERENDE RAAD



UR 2026: Jaco van der Westhuyzen, Isabel Aguinaga, Christi Patricio, Rihanna Maunatlala, Hugo Lourens, Danelle Hall, Duan Scorgie, Francia Meiring, Leeroy Alexander, Boitumelo Mphahlele, Chenél Grundling, Andrew Blake, Jacobus Lewies, MJ Ras, Jaun Roos, Joné Bronkhorst, Elsje de Bruin, Emmarentia Janse van Rensburg, Kamogelo Mashishi, Bontle Mkwana, Tisetso Netili, Khaya Nkosi, Mari-Zanne Nortje, Almay Pretorius, Onkarabile Ramatshego en Tia-Mari Theron

HOOFLEIERS

Hoofseun:	Jaco van der Westhuyzen
Hoofdogter:	Isabel Aguinaga
Onderhoofseun:	Hugo Lourens
Onderhoofdogter:	Christi Patricio
Deputy head girl:	Rihanna Maunatlala
Voorsitter - Akademie:	Duan Scorgie
Voorsitster - Akademie:	Danelle Hall
Voorsitster - Kultuur:	Boitumelo Mphahlele
Voorsitster - Kultuur:	Chenél Grundling
Voorsitter - Sport:	Leeroy Alexander
Voorsitster - Sport:	Francia Meiring



SKOOLDRAG

SOMERSDRAG

vanaf die eerste Maandag in September tot die laaste Vrydag in April

DOGTERS



- Groen romp (ses baan). Lengte 14cm vanaf vloer in knielende posisie
- Wit kortmou skoolhemp (met sakwapen)
- Wit skoolsokkies
- Swart toerygskoene wat gepolitoer kan word sonder gespes en oormatige diksole
- Swart leerskoene met 'n bandjie mag ook gedra word.
- Leerlinge kan grys 'Regular fit' langbroeke of 'n groen skoolromp dra met die skoolkleurbaadjie (blazer)

SEUNS



- Grys kortbroek
- Grys kortmou skoolhemp (met sakwapen) (gr.8-11)
- Grys kniekouse (met strepe)
- Swart skoene – toeryg, wat gepolitoer kan word sonder versierings
- **Geen suede skoene word toegelaat nie**



**EXTREME
CLOTHING**
TEL: 079 952 3513

Skooldrag is by Extreme Clothing beskikbaar - (1B Mark Straat, Groblersdal)

SKOOLDRAG

WINTERSDRAG

vanaf die eerste Maandag in Mei tot die laaste Vrydag in Augustus

DOGTERS



- **Blazers is verpligtend vir Graad 8-leerders**
- 'n Wit skoolhemp, skooldas met 'n groen skoolromp (ses baan), lang swart kouse (broekie kouse) of groen kniekouse met twee strepe of leerders kan ook 'n wit skoolhemp, skooldas met grys "Prefect" Langbroek "regular fit" (beskikbaar by Extreme Clothing) dra.
- Slegs grys kouse kan saam met langbroek gedra word
- Skoolblazer verpligtend met 'n skooltrui en/of skooloortrektrui (Leerders mag nie net 'n skooltrui en/of oortrektrui dra nie)
- Skoolskoene soos voorgeskryf by somersdrag
- 'n Langbroek mag nie met slegs 'n skoolhemp gedra word nie
- Groen serp
- Geen langbroeke wat ingewerk is nie ("skinny fit")
- Geen mussies nie

SEUNS



- **Blazers is verpligtend vir Graad 8-leerders**
- Grys langbroek ('regular fit') met 'n grys hemp en 'n skooldas vir Gr.8-11.
- Skoolblazer verpligtend met 'n skooltrui en/of skooloortrektrui (Leerders mag nie net 'n skooltrui en/of oortrektrui dra nie)
- Grys kniekouse en skoolskoene soos genoem
- 'n Skoolblazer moet met 'n langbroek en das gedra word
- Geen langbroeke wat ingewerk is nie ("skinny fit") slegs "Prefect Regular Fit" langbroeke



**EXTREME
CLOTHING**
TEL: 079 952 3513

Skooldrag is by Extreme Clothing beskikbaar - (1B Mark Straat, Groblersdal)

ONS SPORT IS DIE BESTE!

HOEWEL BEN VILJOEN 'N MEDIUMGROOTTE SKOOL IS, BIED DIT DIE OMVANG VAN SPORTSOORTE AAN WAT BY GROOT SKOLE GEVIND KAN WORD.

'N GROTER PERSENTASIE VAN ONS LEERLINGE KRY BLOOTSTELLING OP EERSTE SPAN VLAK. DIE AFRIGTING WORD DEUR ONDERWYSERS GEDOEN WAARVAN BAIE SELF PROVINSIALE KLEURE HET EN/OF PROVINSIALE AFRIGTING GEDOEN HET. ONS BESKIK OOR VIER RUGBYVELDE, DRIE HOKKIEVELDE, AGT WEERVASTE NETBALBANE, 'N KRIEKETVELD MET OEFENNETTE, 'N STADION MET PLEK VIR 5000 TOESKOUERS, SWEMBAD, SES TENNISBANE SOWEL AS LOSKOP GIMNASIUM OP ONS TERREIN.

SPORTSOORTE

- Atletiek
- Rugby /Sewesrugby
- Dogtershokkie
- Seunshokkie
- Netbal
- Seunskrieket
- Dogterskrieket
- Swem
- Muurbal
- Tennis
- Prysskiet
- Landloop
- Perdry
- Gholf
- Sokker
- Varswateroewerhengel



RUGBY

- Speel in die Noordvaal Virsekerbeker
- Vier keer Beeldtrofee weners
- Agt keer Beeldtrofee naasweners
- Beide die o.14A en Eerste spanne is Limpopo weners in 2025, terwyl die o.15A, o.15B en o.16A-spanne naasweners is. Die o.14A-span vorder tot die semi-finaal van die Noordvaalbeker.
- Vyftien provinsiale spelers gedurende 2025
- Ons word aangewys as die beste rugbyskool tydens die NWU-16 reeks

HOKKIE

- Dogtershokkiespan is 11 keer Noordvaal weners
- Elf provinsiale spelers gedurende 2025
- Al ons dogtershokkiespanne word gekroon as ligawenens
- Tydens die NWU-16 Skolesportreeks, eindig ons in die gesamentlike eerste plek met Ferrum Hoërskool.

NETBAL

- Kyra Hancke, Anel Muller en Carmen Labuschagne word ingesluit in die o.18 Mopani-netbalspan
- Ons netbalspanne eindig algeheel derde tydens die NWU-16 Skolesportreeks.
- Tydens die distrikfinaal eindig die o.16A-span, asook die Eerste Span in die tweede plek, terwyl die o.16B-span as distrikswenens gekroon is
- Beide die o.16A- en o.19A-spanne neem deel aan die Limpopo Netbalkampioenskappe.



DIE DALLERS BLINK UIT

ATLETIEK

- Ons atlete wen die Noordheuwel Top 15-skole B-afdeling, asook die Elbé Pretorius Gedenkbyeenkoms.
- Tydens die Bosveld Interhoër eindig ons in die algehele 3de plek. Jaco van der Westhuyzen word aangewys as die beste baanatleet, terwyl Emma-Lee van der Westhuyzen wegstap as die beste atleet van die dag. Ons wen ook die Prestasiebeker.
- Ses atlete neem deel aan die ASA Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe. Jaco van der Westhuyzen verwerf twee silwermedaljes in onderskeidelik die o.18 100m en 200m, Kyra Hancke verwerf 'n silwermedalje in die o.20 sewekamp, Emma-Lee van der Westhuyzen verwerf 'n bronsmedalje in die 100m o.16, en Kadmiel Lotika 'n bronsmedalje in die o.20 400m
- Twee atlete neem deel aan die SASA Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe, en Kadmiel Lotika verwerf 'n bronsmedalje in die o.20 400m
- Jaco van der Westhuyzen, Kadmiel Lotika en Kyra Hancke word ingesluit in die Limpopospan wat aan die ASA Senior Atletiekkampioenskappe deelneem
- Jaco van der Westhuyzen word ingesluit in die Suid-Afrikaanse o.18 Atletiekspan vir deelname aan die AUSC (African Union Sport Council) Region 5 Games waar hy twee bronsmedaljes verwerf

PRYSSKIET

- Ané Pretorius word genooi om aan die Top 80 SANSSU proewe deel te neem
- Storm Hewetson, Caylin Sadie en Ané Pretorius word ingesluit in die Mpumalanga span wat aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe gaan deelneem

KRIEKET

- Gedurende 2024 is Limni-Lu Heswick en Jaco van der Westhuyzen ingesluit in die Limpopo span.
- Die eerste span is Limpopowenners gedurende 2025
- Dogterskrieket word gedurende 2021 heringestel

RUITERKUNS

- Faseeha Rahim Bhikoo en Leeyah Rahim Bhikoo word ingesluit in die SANESA Limpopo-span, terwyl Elrie Enslin en Denise van der Walt word ingesluit in die SAWMG Limpopo-span gedurende 2025

VARSWATER- OEWERHENGEL

- Tydens 2025, eindig ons hengelspan in die algehele tweede plek vir die seisoen en neem deel aan die Suid Afrikaanse Oewerhengelfederasie se "Champ of Champs"-kampioenskappe deel
- Marthinus Dreyer word ingesluit in die SAVOF B-Hengelspan en verwerf 'n algehele, individuele 13de plek, terwyl hulle span in die algehele 2de plek eindig

GHOLF

- Ons A-span is die wenners van die NWU-16 Skolesportreeks gedurende 2025, en verwerf 'n derde plek tydens die Bosveld Interhoër
- Christoff Augustine en Juan van den Heever word ingesluit in die o.21 Limpopo-span
- Tydens die Suid-Afrikaanse Hoërskole Golfkampioenskappe eindig ons in die algehele 20ste plek
- Christoff Augustine, Juan van den Heever en Henco Smith word gekies is vir die Limpopo Interprovinsiale Gholfspan (IPT)

TENNIS

- Tennisspanne neem deel aan Limpopo kampioenskappe
- Dogterstennisspan is Limpopo naaswenners gedurende 2025

LANDLOOP

- Shiniska du Plessis is ingesluit in die Limpopo Landloopsan wat aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deelneem
- Omphile Tshikane is ingesluit in die LIMSA 10km Padwedloopsan

DIE DALLERS BLINK UIT

SWEM

- Interhoër weners tydens 2022, 2023 en 2024, en naasweners in 2025.
- Naasweners van 2023, 2024 en 2025 se Top 8-swemgala
- Mari-Zanne Nortjé, Simoné Theron, Odette Upton en Mighael Alberts word ingesluit in die Limpopo Swemspan, met Mighael wat aangewys word as die Limpopo spankaptein
- Mighael verwerf een goue medalje en twee silwermedaljes tydens die Suid-Afrikaanse Swemkampioenskappe
- Mighael Alberts, Simone Theron en Altus Venter word ingesluit in die Limpopo swemspan vir deelname aan 'n inter-provinsiale swemgala



ONMEETBARE KREATIWITEIT

ONS BIED 'N WYE VERSKEIDENHEID KULTUURTIPES AAN VIR DIEGENE WAT VERKIES OM HULLE KREATIEWE KANT TEN TOON TE STEL.

ONS DOELWIT IS OM 'N PERFEKTE BALANS TE SKEP TUSSEN SPORT EN KULTUUR OM SODOENDE DIE LEERDERS DIE GELEENTHEID TE GEE OM TOT DIE BESTE VAN HULLE VERMOË HULLE PASSIE NA TE STREEF.

KULTUURAKTIWITEITE

- Kunswedstryde
- Kultuurfees
- Redenaars (Afrikaans & Engels)
- Revue
- Toneel
- Graad 8-konsert
- ATKV Jeugtak
- Ben se Pen
- Fotografie
- Mnr en Mej Ben Viljoen



DIE DALLERS BLINK UIT

ATKV REDENAARS

Redenaars gee vir leerders die platform om hul sê met selfvertroue in te sê, 'n vaardigheid wat hulle in die toekoms aan die voorpunt van hul veld sal plaas. Deelnemers moet eie toesprake voorberei en mag nie gepubliseerde artikels woordeliks aanhaal nie. Uit die tema moet 'n onderwerp geformuleer word wat 'n standpunt bevat en die standpunt moet aan die hand van argumente en bronne beredeneer word. Dit is dus 'n beredeneerde toespraak en nie 'n praatjie nie. Eerstens vind daar 'n interne redenaarskompetisie plaas wat onderskei word onder voorbereid en onvoorberei, junior en senior sowel as huistaal en eerste addisionele taal. Die leerders wat deur gaan vanaf die interne redenaarskompetisie neem deel aan die ATKV Redenaarskompetisie se eerste rondte vanwaar hulle dan deurgaans na tweede en derde rondtes.

Tydens 2025:

- Tebogo Mathunyane dring deur in die ATKV Redenaarsfinaal in die Graad 8 & 9 Afrikaans Addisionele Taal se voorbereide afdeling
- Nomthandazo Mabuza dring deur in die Gr 10-12 Afrikaans Addisionele Taal se onvoorbereide afdeling. Nomthandazo verwerf 'n nasionale negende plek.

TIENERTONEEL

Die Tienertoneelkompetisie kweek 'n liefde vir toneelskepping, toneelspel en teater-kyk by hoërskoolleerders.

2025:

- Interhoër Naaswenners, en Chenél Grundling word aangewys as die beste aktrise.
- Tydens die ATKV Tienertoneel Gauteng Streeksfees 1 word Maggie French aangewys as Beste Verhoogbestuurder van die week
- Tydens die semi-finaal van die eerste week van die FAK Allegretto Toneelfees, is Lily Steyn aangewys as die beste grimeerkunstenaar/ontwerper van die week

DIGITONEEL

Dramatiese kunste moedig leerders aan om hulself vrylik uit te druk en hul passie vir die toneelspel uit te leef. Drama help bevorder die leerling se selfvertroue, kommunikasie vermoë en stimuleer die bringolwe, wat voordelig is vir die leerder se toekoms

2025:

- Tydens die DigiToneel uitdunrondte verwerf die produksie 'Blitsverdediging' brons, Ellené van der Westhuyzen verwerf ook brons vir haar spel tydens hierdie produksie, met Simone Naude wat silwer verwerf vir haar videografie. Joné Bronkhorst verwerf goud vir haar spel in 'Die Oorlog tussen die Son en die Maan', terwyl die produksie-self ook goud verwerf.

SKAAK

Skaak is een van die oudste speletjies in die geskiedenis van die wêreld.

"Maak jou skuif" en speel skaak, want leerders wat daaraan deelneem toon 'n verbetering in konsentrasievermoë en kreatiewe probleemoplossing, dit bevorder logiese redenering en is 'n toets van geduld, senuwees, breinkrag en konsentrasie. Ons skaakspan neem jaarliks deel aan die Skaakinterhoër in die derde kwartaal.

2025:

- Eindig algeheel agtste tydens die NWU Skolesportreeks met beide Thato Mathabatha en Thato Mphahlele wat bordwenners is.
- Eindig algeheel sesde tydens die Bosveld Interhoër met Tshepang Matsepe en Thato Mphahlele, wat as bordwenners gekroon is, terwyl Thato Mathabathe 'n derde plek op sy bord verwerf

FOTOGRAFIE

Meeste van ons fotograwe se foto's word op die skool se sosiale netwerke geplaas en gebruik in koerant berigte. Die fotografielklub neem ook deel aan die Kultuurfees wat elke tweede jaar plaasvind

2025:

- Tiago Fernandes verwerf 'n algehele derde plek tydens die ATKV Aksie en Woordvreugde-tak se fotografie-kompetisie

FINANSIES

SKOOLFOOIE

R 36 410 per jaar of R 3 310 per leerling per maand vanaf Januarie tot November (11 maande).

- Skoolgeld is maandeliks voor die 7de betaalbaar.
- GEEN afslag word toegestaan vir skoolgeldebetalings vir die jaar vooruit nie.
- **R950 VERPLIGTE eenmalige addisionele handboekfooi** wat vakfondse insluit is betaalbaar voor/op 14 Januarie 2026. Sodra betaling hiervoor ontvang word, word 'n registrasiekaartjie uitgereik.
- **GEEN HANDBOEKE SAL SONDER 'N REGISTRASIEKAARTJIE UITGEGEE WORD NIE.**
- 'n Aanvangspakket vir skrifte word deur die skool voorsien – slegs aanvullende skrifte soos benodig, word deur ouers self voorsien. Skryfbehoeftes word deur ouers self voorsien.
- Handboeke bly die eiendom van die skool en werksboeke bly eiendom van die leerder. Vervangingswaarde van verlore handboeke beloop R300 per handboek.

NB!

Let asseblief daarop dat skoolfonds en koshuisgelde verskillende verwysingsnommers het, kontak asb. ons finansiële kantoor. Indien u een totale bedrag inbetaal, spesifiseer asseblief die bedrae duidelik.

KOSHUISFOOIE

R36 850 per jaar of R 3 350 per leerling per maand vanaf Januarie tot November (11 maande).

Koshuisgeld is vooruit betaalbaar. Geen leerling sal in die koshuis toegelaat word indien die volle bedrag van Januarie nie betaal is nie.

Yskas: Eie klein yskas mag voorsien word - R750 per jaar.

DAGKOSHUIS

Die koshuis funksioneer ook as 'n dagkoshuis (Maandae-Donderdae). Dagleerders wat van hierdie opsie gebruik maak word voorsien van 'n middagete en 'n lokaal waar huiswerk onder toesig gedoen word. Die bedrag vir hierdie opsie beloop **R1000 per maand** hetsy die leerder al die dae van die week van die opsie gebruik maak al dan nie.

Die bedrag is eenmalig vooruitbetaalbaar teen die 1ste van elke maand. Bewys van betaling moet gelewer word en by betaling ontvang die leerling 'n dagkoshuis-toelatingskaartjie.

Geen oornagteriewe vir dagleerders nie. Aansoekvorms vir dagkoshuis is by die kantoor verkrygbaar.



FINANSIES

KONTAKPERSONE

Skoolkantoor:

013 262 2061

Finansies:

Me Jackie Wagener:
bvfinansies@benviljoen.co.za

Me Natasha van der Walt:
collections@benviljoen.co.za

Administratiewe Sake:

Me Mellemie Wessels:
bvadmin@benviljoen.co.za

Me Nicolene Kotze:
admin@benviljoen.co.za

Sosiale Media/Bemarking:

Me Jean-Marie Heyns
bvbemarking@benviljoen.co.za

BANKBESONDERHEDE

FNB Tjekrekening

Rekeningnommer:

6265 554 4239

Tak:

Groblersdal

Takkode:


260147

NB!

Let asseblief daarop dat skoolfonds en koshuisgelde verskillende verwysingsnommers het, kontak asb. ons finansiële kantoor. Indien u een totale bedrag inbetaal, spesifiseer asseblief die bedrae duidelik.



KLASKAMERPLAN



Grondvloer / Ground Floor



[illegible]

 WWW.BENVILJOEN.CO.ZA
 013 262 2061
  BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA
 @HS_BENVILJOEN

BELANGRIKE DATUMS

DATUM	FUNKSIE	NOTAS
14/01/2026	Skool open vir alle leerders	
16/01/2026	Interhuis Swemgala Graad 8-kamp	Graad 8-leerders dra Ben Viljoen-sportdrag (Sporthempie, swart kortbroek, wit Uiltjiekouse en tekkies) Graad 8-kamp neem aanvang direk na die Interhuisswemgala
17/01/2026	Graad 8 kamp	Eindig om 07:00
23/01/2026	Interhuis Atletiekbyeenkoms	Graad 8-leerders dra Ben Viljoen-sportdrag (Sporthempie, swart kortbroek, wit Uiltjiekouse en tekkies). Graad 8-leerders moet hulp verleen met die opruim van die byeenkoms
16/02/2026	Graad 8-konsert	15:00 vir Grootouers 18:00 vir Ben Viljoen-leerders
18/02/2026	Graad 8-konsert, kloklui- en baadjieseremonie	Leerders bring skooldrag en skoolbaadjie saam. Na afloop van konsert vind klokluiseremonie plaas

KYK ASB. ELKE
SONDAG NA DIE
WEEKPROGRAM WAT
OP SOSIALE MEDIA
GEPLAAS WORD



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA



013 262 2061



BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA



@HS_BENVILJOEN

BEN VILJOEN PRODUKTE

OLD SCHOOL TRUEIE



BESKIKBAAR OP BESTELLING



BEN VILJOEN PAWILJOENKUSSINGS



BEN VILJOEN BUCKET HAT



SKOOLWAPEN VIR BAADJIE



TROTS BEN VILJOEN AANSTEEK-BALKIE



Hou ons sosiale media dop
vir nuwe produkte



**Hoërskool Ben Viljoen
Voortrekkerstraat 1
Groblersdal
0470**

**013 262 2061
bvbemarking@benviljoen.co.za**



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA



013 262 2061



BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA



@HS_BENVILJOEN